# Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

## Notule van die BJV Letaba Ledevergadering gehou op 9 Junie 2011 om 18:00 te BJV Letaba Klubhuis Tzaneen

**1. Opening en verwelkoming**:

Hansie Botha verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

**2. Doelstellings:**

Stefan Fourie lees die doelstellings voor.

**3. Lief en Leed:**

Bosman Kruger se seun het ten volle herstel na sy operasie..

Ivan Botha word ook 'n spoedige herstel toegewens na sy mangeloperasie.

Die volgende lede word geluk gewens met hul verjaardae: Joseph en Jolinda Hartmann, Carel Buitendag en Dawie van Vuuren..

**Teenwoordig:**

**Bestuur:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hansie Botha | Cor Olivier | Leon Whitehead | Alwin Fleischmann |
| Chris Venter | Stefan Fourie | Tinus Erasmus | Joseph Hartmann |
| Walt Katzke | Bosman Kruger | Johnny Rech | Wallie van Dyk |

**Lede:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| CF Kriel | Pat Khumalo | Andre Last | Andre Venter |
| Deon Davel | F Olivier | James Norval | D Jansen |
| Pieter Vermaak | Jaques Engelbrecht | Aldo Wandrag | Belinda Badenhorst |

**4. Verskonings:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Schalk Robinson | Ulie Faurie | Gys Pretorius | Andre le Grange |
| Philip Robinson | Vic Osmers | Karl Osmers | Chris de Wet |
| Dawie van Vuuren | Abel Botha | | |

**5. Vorige notule:**

Die vorige notule word aanvaar. Alwin Fleischmann as voorsteller en deur Ivy Iveson gesekondeer.

**6. Finansies & Administrasie:**

| | | |
|---|---|---|
| Spaarrekening Saldo: (Kroeg) | R | 8 915.85 |
| BJV Spaar Rekening: (Aanvraag) | R | 18 512.92 |
| BJV Tjekrekening: | R | 128 395.97 |
| Kontant op Hand | R | 2 000.00 |

Kallie Liebenberg van Old Mutual sal help met die insamel van die kwotasies van verskillende makelaars – Hansie sal opvolg.

Belinda kan lede 'n laaste keer skakel vir die insameling van uitstaande ledegelde. Lede sal middel Junie finaal getermineer word.

**7. Nuwe Lede & Toegewyde Status:**

**7.1 Nuwe Aansoeke:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6647 | Izak Jacobus Marthinus Duvenhage | - | Goedgekeur |

**7.2 Toegewyde Jagterstatus**:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3605 | Alphred Feneysey Wandrag | - | Goedgekeur. |
| 6384 | Petrus Johannes Hendrik du Plessis | - | Goedgekeur. |
| 2629 | Deon Davel | - | Goedgekeur. |
| 6326 | Pieter Vermaak | - | Goedgekeur. |

Letaba Tak het tans 213 Toegewyde Jagters waarvan alle lede se statusse vir 2010 afgehandel is.

**8. Sake voortspruitend uit die vorige notule**:

Soos onder verskillende afdelings by Notule ingewerk.

**9. Klubhuis & Skietbaan gronde:**

**9.1. Arbeid.**

**9.1.1** 'n Kruiwa, 20m tuinslang en staalhark is vir die klubhuis aangekoop teen R585.00.

**9.2. Klubhuis:**

**9.2.1** Deon Davel sal help met die hekspore en plaveisel wat weerskante van die hek gele moet word. Hulp word gevra met die installeering. Hansie Botha en Deon Davel sal met die volgende vergadering terugvoer oor vordering gee.

**9.2.2** Weltmart (Dwayne) se kwotasie word voorwaardelik goedgekeur onderworpe aan 'n goedkoper opsie.

**9.3 Skietbaan**

**9.3.1** Hansie en Rachelle sal die finale goedkeuring van die skietbaanreels nagaan en laat druk en opsit.

**9.3.2** Die pale vir die opsit van die drade by die pistoolbaan is op bestelling en Gys Pretoruis moet weer ingelig word aangaande die opsit van die drade.

**9.3.3** Chris Venter versoek toerusting vir die gelykmaak van die grond. Chris Venter sal verder reel vir arbeid soos benodig.

**9.3.4** Hansie Botha en Andre le Grange is tans besig met onderhandelinge met die Paintball manne en sal later terugvoer gee ivm die vordering.

**9.3.5** Lede wat die sleutel saterdae by Flora Kafee uitteken word asb versoek om nie by die skietpunt alkhol te gebruik nie – lede word versoek om die skietbaanreels te alle tye na te kom. Lede wat nie die skietbaanreels nakom nie sal dissipliner aangekla word en verdere stappe sal geneem word.

**9.4 Kroeg**

**9.4.1** Braai elke Vrydag middag vanaf 13:00. 500g T.Bone, pap en sous vir R45.00p.p. Skakel Belinda vir besprekings.

**10. Skietdae**

**10.1** 'n Vriendelike versoek word aan baanoffissiere gerig vir meer hulp tydens die amptelike maandelikse skietdae.

**10.2** Lede betrokke by die groeperingskiet word ook versoek om solank hulle borge te nader vir skenkings. Vlooimarkstalletjies vir die dag word voorgestel.

**10.2** Alwin Fleischmann versoek belangstellende lede vir 'n 2de span vir die skietdag by Potties wat plaasvind op 13 Augustus 2011 om hom te skakel by 076 8300 698. Pryse beskikbaar.

**11. Opleiding:**

**11.1** Magalies Tak bied 'n Spoorsnykursus aan. Belangstellende lede kan vir Carel Buitendag kontak by 082 5518 114.

**11.2** Wallie van Dyk moet die Trofeemetingkursus reel en uitvind van handleidings. Belangstellende lede kan hulle name by Belinda inhandig.

**11.3** Alle skietdissiplines sal van September op die web geimplimenteer word. Elke inskrywing kos R10 ekstra om bydrae te lewer vir die Jagpakket wat aan die einde van die jaar uitgeloot gaan word.

**11.4** Chris Venter sal die 2 CD soos ontvang vanaf Chasa- en Hoofkantoor maak en aan alle instrukteurs oorhandig.

11.5 Die ou groep van die Junior 2 kursus gaan na Ilonka en die nuwe groep kan na Maruis Fulls gaan te Mondeseur. Die naweke en datums moet net deur Walt Katzke en Hansie Botha bevestig word. Junior 2 se koste beloop R850.00 per inskrywing en Senior Kursus beloop R650.00.

**12. Kleiduif:**

**12.1** Alwin Fleischmann het gaan navorsing doen oor die video jagsimuleerder. Lasar opsies is beskikbaar. Kostes kan tot R15 000.00 beloop. Die lasarpille kan ingevoer word teen R1 000 elk en weer verkoop word vir R2 000 elk. Belangstellende lede kan meer lees by info@marksman.co.za of hulle kontak by 011 803 7181. Hansie Botha, Alwin Fleischmann, Chris Venter en Andre le Grange is as 'n ondersoekspan aangestel wat die voordele en nadele van die skietbaan sal uitlig en aan die lede voorle met die volgende vergadering.

**13. Boogjag:**

**13.1** Boogskiet aande sal plaasvind elke 2de Donderdag van elke maand en braaipakkies sal beskikbaar wees teen R45.00 per persoon.

**14. Handwapenjag:**

**14.1** Die memorandum of understanding sal deur Hansie uitgedruk word en deur Alwin Fleishmann geteken word.

**15. Buskruit:**

**15.1** Hansie Botha sal verder uitvind van die Swartkruit bevoegdheid en 'n datum en tyd aan lede deurgee.

**16. Windbuks:**

**16.1** Ulie Faurie moet dringend aandag aan die bou van die windbuks baan gee.

**17. Jaggeleenthede:**

**17.1** Skakel Dawie van Vuuren by 083 4545 391 vir inligting.

**17.2** **Bestuursjagnaweek: 28 – 31 Julie 2011.** Belangstellende bestuurslede kan hul name by Belinda ingee. Vind plaas op Kobus Winterbach se plaas wat geen vrystelling het nie so lede moet asb seker maak hulle kry vroegtydig vervoerpermitte.

**18. Redakteur / publikasies / pers**

**18.1** Op Web. Hansie Botha sal vordering met Dawie van Vuuren opneem.

**19. Wildsete**

**20. Uitvoerende vergadering**

17 Augustus 2011.

**21. Fondsinsamelings**

**21.1** Rachelle van Attetude Printing is weer vol besig met die bemarking van die advertensieborde.

**22. Algemeen**

**22.1** Geen verdere vordering ten opsigte van die Chasa Hofsaak.

**22.2** Lede nomineer vir Wallie van Dyk vir die Gevorderde Jagtoekenning.

**22.3** Volgens die Provinsiale Koerant Vol 18 no 1930 moet lede seker maak dat hulle vervoerpermitte geldig is en hulle mag nie Bosbokke jag nie.

**23. Vuurwapenbevoeghtheid**

**24. Vastelling en byvoegings tot die agenda:**

Die volgende Ledevergadering sal plaasvind op **Donderdag 7 Julie 2011** om **18:00** by die **Klubhuis.**